

**21 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 11 en 12 (OAV)**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 12:3**

### **Die hoogtes (1)**

Solank Joas onder sy pleegpa, die hoëpriester Jójada, se begeleiding en toesig was, het hy gedoen wat reg was in die oë van die Here. Die “HOOGTES” is egter nie afgeskaf nie.

Dis ‘n refrein wat al van 1 Kon 15 en 22 af kom. In 1 Kon 15:14 staan daar: “Die hoogtes is wel nie afgeskaf nie, maar Asa se hart was volkome met die Here, al sy dae.” Ook van die godvresende koning Josafat lees ons in 1 Kon 22:43,44 dat hy nie die “hoogtes” afgeskaf het nie. Nou wat was hierdie “hoogtes” waarvan ons so dikwels lees?

Volgens opgrawings by Gezer was daar ‘n hoogte, dit wil sê ‘n offerplek wat vir vyftien eeue in gebruik was. By die opgrawings by Nahariya is ‘n hoogte gevind uit die agtiende eeu voor Christus. Dit wil sê hierdie hoogte is deur die Kanaäniete gebruik lank voordat Israel in Kanaän gekom het. “Hoogtediens” was dus kenmerkende godsdiens van die Kanaäniete. Hieruit moet ons aflei dat “hoogtes” heidense offerplekke was waar offerandes vir hulle afgode gebring is.

Ons lees in 1 Kon 3 :2-4: “Alleenlik het die volk gedurig op die hoogtes geoffer omdat tot op daardie dae daar geen huis vir die Naam van die Here gebou was nie. En Salomo het die Here liefgehad deur in die insettinge van sy vader Dawid te wandel; hy het net gedurig op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan”.

Omdat daar dus nog nie ‘n tempel met offergeriewe bestaan het nie, is hoogtes gebruik vir die offers aan die Here. Daarmee was nie fout te vind nie, solank die offers aan die ware God en nie aan die afgode gebring is nie. Die hoogtes is wel misbruik vir offers aan die afgode, veral in Agab en Isébel se tyd. Dit het die toorn van die Here laat ontvlam.

*Sing: Psalm 51:8*

*Ds PA Smit (Emeritus)*